



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

OPENBAARMAKINGS OOR VERWANTE PARTYE

(AERP 20)

Uitgegee deur die

Raad op Rekeningkundige Standaarde
Junie 2011



Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Related Party Disclosures* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Related Party Disclosures* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Die Standaard van AERP oor *Openbaarmakings oor Verwante Partye* het ook geput uit die ekwivalente International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board (IASB) uitgegee is. Die goedgekeurde teks van die IFRS is dié wat deur die IASB in die Engelse taal gepubliseer is en eksemplare kan verkry word van:

IFRS Foundation

30 Cannon Street

London, EC4M 6XH

United Kingdom

Internet: <http://www.ifrs.org>

Kopiereg vir IFRS, vertolkings, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IASB is in die IFRS Foundation gevestig en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.



AERP 20

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2011 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.



AERP 20

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Openbaarmakings oor Verwante Partye

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 – .04
Doel met openbaarmakings oor verwante partye	.05 – .09
Woordomsrywings	.10 – .20
Nabyfamilielid van 'n persoon	.11
Bestuur	.12 – .17
Verwante partye	.18 – .19
Vergoeding van bestuur	.20
Beduidende invloed	.21
Openbaarmaking	.22 – .37
Openbaarmaking van beheer	.24 – .26
Openbaarmaking van verwanteparty-transaksies	.27 – .34
Openbaarmaking van vergoeding van bestuur	.35 – .37
Oorgangsbepalings	.38
Datum van inwerkingtrede	.39
Bylae – Voorbeelde van toepassing van die Standaard	
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Related Party Disclosures</i> (IPSAS 20) (Oktober 2002)	

OPENBAARMAKINGS OOR VERWANTE PARTYE

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende vertolking wat in die toekomst uitgegee mag word, voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde word in daardie Standaarde duidelik gemaak.



AERP 20

Die Standaard van AERP oor *Openbaarmakings oor Verwante Partye* word in paragraaf .01 tot .38 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellings daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om te verseker dat 'n verslagdoenende entiteit se finansiële state die openbaarmakings bevat wat nodig is om die aandag te vestig op die moontlikheid dat sy finansiële stand en surplus of tekort beïnvloed mag wees deur die bestaan van verwante partye en deur transaksies en uitstaande saldo's met sodanige partye.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde (in hierdie Standaard die verslagdoenende entiteit genoem) opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by:*
- (a) die identifisering van betrekkinge en transaksies met verwante partye;*
 - (b) die identifisering van uitstaande saldo's, met inbegrip van verbintenisse, tussen 'n entiteit en sy verwante partye;*
 - (c) die identifisering van die omstandighede waarin openbaarmaking van die items in (a) en (b) verlang word; en*
 - (d) die vasstelling van die openbaarmakings wat oor daardie items gemaak moet word.*
- .03 *Hierdie Standaard vereis openbaarmaking van verwanteparty-betrekkings, transaksies en uitstaande saldo's, met inbegrip van verbintenisse, in die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van die verslagdoenende entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State. Hierdie Standaard is ook van toepassing op individuele finansiële state.*
- .04 *///Verwanteparty-transaksies en uitstaande saldo's binne 'n ekonomiese entiteit word in 'n entiteit se finansiële state openbaar gemaak. Intragroep-verwantepartytransaksies en uitstaande saldo's word uitgeskakel in die opstel van die gekonsolideerde finansiële state van die ekonomiese entiteit.*

Doel met openbaarmakings oor verwante partye

- .05 Verwanteparty-betrekkings bestaan dwarsdeur die openbare sektor, omdat:
- (a) departemente en munisipaliteite onderhewig is aan die oorkoepelende bestuur van 'n uitvoerende owerheid of raad, en uiteindelik die Parlement, en saamwerk om die beleide van die regering ten uitvoer te bring;
 - (b) departemente en munisipaliteite dikwels besig is met bedrywighede wat nodig is vir die uitvoering van verskillende dele van hul pligte en bereiking van hul doelwitte deur afsonderlik beheerde entiteite, en deur middel van entiteite

waaroor hulle beduidende beheer het;

- (c) openbare entiteite op 'n gereelde grondslag transaksies met ander staatsentiteite aangaan; en
- (d) ministers, raadslede of ander verkose of aangestelde lede van die regering en ander lede van die bestuur beduidende beheer oor die bedrywighede van 'n entiteit kan uitoefen.

.06 Van die regering en entiteite word verwag om hulpbronne doeltreffend, effektief en op die bedoelde manier te gebruik, en om openbare geld met die hoogste vlak van integriteit te hanteer. Die bestaan van verwanteparty-betrekkinge beteken dat een party die bedrywighede van 'n ander party kan beheer, gesamentlik kan beheer of beduidend kan beïnvloed. Dit bied die geleentheid vir transaksies om plaas te vind op 'n grondslag wat aan een party 'n voordeel ten koste van die ander party verleen. Openbaarmaking van verwanteparty-transaksies, uitstaande saldo's, en die verband wat grondliggend aan daardie transaksies is, is vir rekenpligtigheidsdoeleindes nodig. Dit stel gebruikers in staat om die finansiële state van die verslagdoenende entiteit beter te verstaan, omdat:

- (a) verwanteparty-betrekkinge die manier kan beïnvloed waarop 'n entiteit met ander entiteite saamwerk ter bereiking van sy doelwitte, asook die manier waarop hy met ander entiteite saamwerk ter bereiking van algemene of gesamentlike doelwitte;
- (b) verwanteparty-betrekkinge 'n entiteit kan blootstel aan risiko's of geleenthede bied wat nie by die afwesigheid van sodanige verhouding sou bestaan het nie; en
- (c) verwante partye transaksies kan aangaan wat onverwante partye nie sou aangaan nie, of kan instem tot transaksies op ander bepalinge en voorwaardes as dié wat normaalweg vir onverwante partye beskikbaar sou wees. Dit gebeur dikwels waar goedere en/of dienste teen minder as volledige kosteverhaling tussen entiteite oorgedra word as deel van normale bedryfsparameters wat in ooreenstemming is met die bereiking van die doelwitte van die entiteit en die staat.

.07 Die bestuur beklee verantwoordelike poste binne 'n entiteit. Lede van die bestuur is verantwoordelik vir die strategiese rigting en bedryfsbestuur van 'n entiteit en beduidende gesag word aan hulle toevertrou. Hul vergoeding kan vasgestel word deur wetgewing of deur 'n ander liggaam wat onafhanklik van die verslagdoenende entiteit is. Hul verantwoordelikhede kan hulle egter in staat stel om die ampsbyvoordele te beïnvloed wat hulle of hul verwante partye of partye wat hulle in die beheerliggaam verteenwoordig, kan ontvang.

.08 Naverwante familielede van persone wat 'n verbintenis met die entiteit het, kan invloed uitoefen, of deur hulle beïnvloed word in hul transaksies met die entiteit.

.09 Openbaarmaking van verwanteparty-transaksies, uitstaande saldo's, met inbegrip van verbintnisse, en betrekkinge met verwante partye kan gebruikers se

evaluering van die finansiële stand en die prestasie van die verslagdoenende entiteit en sy vermoë om ooreengekome dienste te lewer beïnvloed, met inbegrip van die evaluering van die risiko's en geleenthede waarvoor die entiteit te staan kom. Hierdie openbaarmaking verseker ook dat die verslagdoenende entiteit deursigtig is oor sy handelinge met verwante partye.

Woordomsrywings

.10 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenisse:

Nabyfamilie van 'n persoon is daardie familieledede wat na verwagting daardie persoon sal beïnvloed, of deur daardie persoon beïnvloed kan word, in hul transaksies met die entiteit. As 'n minimum word iemand as nabyfamilie van iemand anders beskou indien hulle:

- (a) getroud is of saambly in 'n verhouding soortgelyk aan 'n huwelik; of
- (b) deur nie meer as twee grade van natuurlike of wetlike bloedverwantskap of huweliksverwantskap van mekaar geskei is nie.

Beheer is die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywigheede daarvan te trek.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling wat slegs bestaan indien die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die eenparige instemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

'n Verwante party is 'n persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of beduidende invloed oor die ander party uit te oefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat aan gemeenskaplike beheer of gesamentlike beheer onderworpe is. As 'n minimum word die volgende as verwante partye van die verslagdoenende entiteit beskou:

- (a) 'n Persoon of nabyfamilielid van daardie persoon is verwant aan die verslagdoenende entiteit indien daardie persoon:
 - (i) beheer of gesamentlike beheer oor die verslagdoenende entiteit het;
 - (ii) beduidende invloed oor die verslagdoenende entiteit het; of
 - (iii) 'n lid van die bestuur van die entiteit of van sy beherende entiteit is.

- (b) 'n Entiteit is verwant aan die verslagdoenende entiteit indien enige van die volgende voorwaardes van toepassing is:**
- (i) die entiteit is 'n lid van dieselfde ekonomiese entiteit (wat beteken dat alle beherende entiteite, beheerde entiteite en medebeheerde entiteite aan mekaar verwant is);**
 - (ii) een entiteit is 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van die ander entiteit (of 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van 'n lid van 'n ekonomiese entiteit waarvan die ander entiteit 'n lid is);**
 - (iii) beide entiteite is gesamentlike ondernemings van dieselfde derde party;**
 - (iv) een entiteit is 'n gesamentlike onderneming van 'n derde entiteit en die ander entiteit is 'n geassosieerde van die derde entiteit;**
 - (v) die entiteit is 'n na-aftredevoordeelplan tot die voordeel van werknemers van hetsy die entiteit of 'n entiteit wat aan die entiteit verwant is. Indien die verslagdoenende entiteit self so 'n plan is, is die werkgewers wat dit borg, aan die entiteit verwant;**
 - (vi) die entiteit word beheer of gesamentlik beheer deur 'n persoon wat in (a) geïdentifiseer is; en**
 - (vii) 'n persoon wat in (a)(i) geïdentifiseer is, het beduidende invloed oor daardie entiteit of is 'n lid van die bestuur van daardie entiteit (of sy beherende entiteit).**

Verwanteparty-transaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die verslagdoenende entiteit en 'n verwante party, ongeag daarvan of 'n prys daarvoor gehef word.

Beduidende invloed is die vermoë om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n aktiwiteit deel te neem, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor daardie beleide nie.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde en word in die Glossarium van Verklaarde Terme wat afsonderlik uitgegee word, weergegee.

Nabyfamilielid van 'n persoon

- .11 Oordeel sal aan die dag gelê moet word om vas te stel of 'n persoon vir die doeleindes van toepassing van hierdie standaard as 'n nabyfamilielid van 'n ander persoon beskou moet word. By die afwesigheid van inligting tot die teendeel, byvoorbeeld waar 'n gade of ander familielid van die persoon vervreem is, word veronderstel dat naasbestaendes en nabyfamilielide sodanige invloed het of daaraan onderhewig is ten einde aan die omskrywing van nabyfamilie van daardie persoon te voldoen. Ten minste die volgende behoort beskou te word as

nabyfamilie:

- (a) daardie persoon se kinders en gade of lewensmaat;
- (b) kinders van daardie persoon se gade of lewensmaat;
- (c) afhanklikes van daardie persoon of daardie persoon se gade of lewensmaat;
- (d) 'n grootouer, kleinkind, ouer, broer of suster; en
- (e) 'n skoonouer, swaer of skoonsuster.

Bestuur

- .12 Bestuur sluit alle persone in met die gesag en verantwoordelikheid vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van:
 - (a) alle lede van die beheerliggaam van die verslagdoenende entiteit;
 - (b) 'n lid van die beheerliggaam van 'n ekonomiese entiteit wat oor die gesag en verantwoordelikheid beskik vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteit;
 - (c) enige sleutelraadgewers van 'n lid, of subkomitees, van die beheerliggaam wat oor die gesag en verantwoordelikheid beskik vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteit; en
 - (d) die senior bestuursman van die entiteit, met inbegrip van die hoof- uitvoerende beampte of permanente hoof van die entiteit, tensy reeds onder (a) vermeld.
- .13 Indien 'n entiteit onderworpe is aan die opsig (toesig) van 'n verkose of aangestelde verteenwoordiger van die beheerliggaam van die regering waaraan die entiteit behoort, is daardie persoon 'n lid van die bestuur indien, en slegs indien, die toesigfunksie die gesag en verantwoordelikheid insluit vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteit.
- .14 Opsig is nie politieke beïnvloeding nie. Politieke invloed word in die Parlement en die wetgewers uitgeoefen wanneer wette en regulasies opgestel word. Opsig word uitgeoefen wanneer entiteite daardie wette en regulasies implementeer.
- .15 In sommige gevalle kan sleuteladviseurs van die bestuur, met inbegrip van lede van die subkomitees van die beheerliggaam, nie oor voldoende gesag – regtens erkende gesag of andersins – beskik om aan die omskrywing van bestuur te voldoen nie. In ander gevalle kan sleuteladviseurs geag word deel te wees van die bestuur omdat hulle verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die verslagdoenende entiteit. Waar sleuteladviseurs toegang het tot geprivilegeerde inligting, kan hulle in staat wees om beheer of gesamentlike beheer of beduidende invloed oor 'n entiteit uit te oefen. Oordeel moet aan die dag gelê word om vas te stel of 'n persoon wat 'n sleuteladviseur is, of 'n lid van 'n subkomitee van die beheerliggaam, deel van die bestuur is.

- .16 Die bestuur van beheerde entiteite sal gewoonlik nie voldoende gesag en verantwoordelikheid hê om as die bestuur (soos deur hierdie Standaard omskryf) van die verslagdoenende entiteit te kwalifiseer nie. In daardie geval sal die bestuur slegs bestaan uit daardie bestuurslede wat die grootste verantwoordelikheid vir die verslagdoenende entiteit het. Op 'n heelregeringsvlak kan Kabinetslede byvoorbeeld aan die omskrywing voldoen.
- .17 Die bestuur van 'n ekonomiese entiteit kan bestaan uit verteenwoordigers van sowel die beheerende entiteit as ander entiteite wat gesamentlik die ekonomiese entiteit uitmaak.

Verwante partye

- .18 Met die oorweging van elke moontlike verwanteparty-verhouding word die aandag gerig op die wese van die verhouding en nie bloot die wetlike vorm daarvan nie. Om vas te stel of daar beheer of gemeenskaplike beheer bestaan al dan nie, moet die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* of die Standaarde van AERP oor *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer* en *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer* nie geraadpleeg word.
- .19 In die konteks van hierdie Standaard is die volgende nie noodwendig verwante partye nie:
- (a) twee entiteite bloot omdat hulle 'n bestuurslid deel of omdat 'n lid van die bestuur van een entiteit beduidende invloed oor die ander entiteit het;
 - (b) twee ondernemers bloot omdat hulle gesamentlike beheer oor 'n gesamentlike onderneming deel;
 - (c) (i) voorsieners van finansiering, en
(ii) vakbonde,
bloot uit hoofde van hul normale transaksies met die entiteit (selfs al beïnvloed hulle daardeur die vryheid van handeling van 'n entiteit of die deelname aan sy besluitnemingsproses); of
 - (d) 'n kliënt, verskaffer, verspreider of algemene agent met wie die entiteit 'n beduidende volume besigheid doen, bloot as gevolg van die gevolglike ekonomiese afhanklikheid.

Vergoeding van bestuur

- .20 Die vergoeding van bestuurslede sluit in vergoeding wat voortspruit uit dienste wat aan die verslagdoenende entiteit gelewer is in hul hoedanigheid as lede van die bestuurspan of werknemers. Voordele regstreeks of onregstreeks afkomstig van die entiteit vir dienste in enige hoedanigheid behalwe as 'n werknemer of 'n lid van die bestuur voldoen nie aan die omskrywing van vergoeding van die bestuur in hierdie Standaard nie. Paragraaf .27 vereis egter dat ander openbaarmakings gedoen word oor transaksies en uitstaande saldo's. Vergoeding van die bestuur sluit enige teenprestasie uit wat alleenlik voorsien word as 'n terugbetaling vir uitgawes aangegaan deur daardie persone tot voordeel van die verslagdoenende entiteit, soos die terugbetaling van verblyfkooste wat verband hou met werkverwante ritte. Paragraaf .35 tot .37 bevat openbaarmakingsvereistes oor die vergoeding van lede van die bestuur.

Beduidende invloed

- .21 Beduidende invloed kan op verskillende maniere uitgeoefen word, gewoonlik deur verteenwoordiging in die beheerliggaam, maar ook deur byvoorbeeld deelname aan die beleidmakingsproses, wesenlike transaksies tussen entiteite binne 'n ekonomiese entiteit, uitruiling van bestuurspersoneel of afhanklikheid van tegniese inligting. Beduidende invloed kan verkry word deur 'n eienaarsbelang, wetgewing of ooreenkoms of andersins. Met betrekking tot 'n eienaarsbelang word beduidende invloed veronderstel ooreenkomstig die omskrywing wat in die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes* vervat is.

Openbaarmaking

- .22 Verskillende wette en regulasies wat op die entiteit van toepassing is, kan voorskryf dat die entiteit inligting oor verwanteparty-betrekkinge, verwanteparty-transaksies en uitstaande saldo's openbaar moet maak. In die besonder is die aandag gerig op die entiteit se transaksies met die bestuur. Hierdie Standaard sluit die minimum openbaarmakingsvereistes vir verwanteparty-transaksies in. Dit mag vir entiteite nodig wees om bykomende openbaarmakings te oorweeg as gevolg van toepaslike wette en regulasies.
- .23 *Inligting wat ingevolge paragraaf .24 tot .37 vereis word, moet slegs verskaf word as dit nie reeds as deel van die finansiële state ooreenkomstig wetlike vereistes of ander Standaarde van AERP voorsien is nie.***

Openbaarmaking van beheer

- .24 *Verwanteparty-betrekkinge waar beheer bestaan, moet openbaar gemaak word, ongeag of daar transaksies tussen die verwante partye plaasgevind het. 'n Entiteit moet die naam van sy beherende party openbaar maak en indien dit anders is, die uiteindelijke beherende party.***

- .25 Om gebruikers van finansiële state in staat te stel om 'n sienswyse te vorm van die gevolge van verwanteparty-betrekkinge op 'n verslagdoenende entiteit, is dit gepas om verwanteparty-betrekkinge openbaar te maak waar beheer bestaan, ongeag of daar transaksies tussen die verwante partye plaasgevind het.
- .26 Die vereiste om verwanteparty-betrekkinge tussen beheerde entiteite en beheerende entiteite openbaar te maak, is bykomend tot die openbaarmakingsvereistes in die Standaarde van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Geassosieerdes en Belange in Gesamentlike Ondernemings*.

Openbaarmaking van verwanteparty-transaksies

- .27 *Indien 'n verslagdoenende entiteit, behoudens die vrystellings in paragraaf .32, gedurende die tydperke wat deur die finansiële state gedek word, by verwanteparty-transaksies betrokke was, moet hy die aard van die verwanteparty-verwantskap asook inligting oor daardie transaksies en uitstaande saldo's, met inbegrip van verbintenisse, wat vir gebruikers nodig is om die potensiele uitwerking van die verhouding op die finansiële state te verstaan, openbaar maak. Hierdie openbaarmakingsvereistes is bykomend tot dié in paragraaf .35 om vergoeding van die bestuur openbaar te maak. Openbaarmakings moet ten minste die volgende insluit:***
- (a) *die bedrag van die transaksies;***
 - (b) *die bedrag van uitstaande saldo's, met inbegrip van verbintenisse; en***
 - (i) *hul bepalinge en voorwaardes, met inbegrip van 'n aanduiding of hulle gesekureer is, en die aard van die teenprestasie wat ter nakoming aangebied moet word; en***
 - (ii) *besonderhede van enige waarborge wat gegee of ontvang word;***
 - (c) *voorsienings vir twyfelagtige skulde wat met die bedrag van uitstaande saldo's verband hou; en***
 - (d) *die uitgawes wat gedurende die tydperk erken is ten opsigte van slegte of twyfelagtige skulde wat deur verwante partye verskuldig is.***
- .28 *Die openbaarmakings wat in paragraaf .27 voorgeskryf word, moet afsonderlik vir elkeen van die volgende kategorieë gemaak word:***
- (a) *die beheerende entiteit;***
 - (b) *entiteite met gesamentlike beheer of beduidende invloed oor die entiteit;***
 - (c) *beheerde entiteite;***
 - (d) *geassosieerdes;***
 - (e) *gesamentlike ondernemings waarin die entiteit 'n ondernemer is;***
 - (f) *bestuur; en***

(g) ander verwante partye.

- .29 Die klassifikasie van bedrae betaalbaar aan en ontvangbaar van verwante partye in die onderskeie kategorieë soos in paragraaf .28 voorgeskryf, is 'n uitbreiding van die openbaarmakingsvereistes in die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vir inligting wat óf in die staat van finansiële stand óf in die aantekeninge aangebied moet word. Die kategorieë word uitgebrei om 'n omvattender ontleding van verwanteparty-saldo's te voorsien en op verwanteparty-transaksies toe te pas.
- .30 Die volgende is voorbeelde van transaksies wat openbaar gemaak word indien hulle met 'n verwante party aangegaan is:
- (a) aankope, oordragte of verkope van voorraad (afgehandel of onafgehandel);
 - (b) aankope, oordragte of verkope van eiendom of ander bates;
 - (c) lewering of ontvangs van dienste;
 - (d) hure;
 - (e) oordragte van navorsing en ontwikkeling;
 - (f) oordragte van lisensie-ooreenkomste;
 - (g) oordragte ooreenkomstig finansieringsreëlings (met inbegrip van lenings en bydraes tot netto bates in kontant of in natura en ander finansiële ondersteuning, met inbegrip van kostedeelreëlings);
 - (h) voorsienings van waarborge of aanvullende sekuriteit; en
 - (i) nakoming van aanspreeklikhede namens die entiteit of deur die entiteit namens die verwante party.
- .31 In die mate waarin verwanteparty-transaksies op dieselfde verwante party betrekking het, en vergelykbaar van aard is, kan hulle in totaal openbaar gemaak word, behalwe indien afsonderlike openbaarmaking nodig is om tersaaklike en betroubare inligting vir besluitnemings- en rekenpligtigheidsdoeleindes te voorsien.
- .32 ***'n Verslagdoenende entiteit is vrygestel van al die openbaarmakingsvereistes in paragraaf .27 met betrekking tot verwanteparty-transaksies indien daardie transaksie plaasvind binne:***
- (a) normale verskaffer- en/of kliënt-/ontvangerbetrekkinge volgens bepalinge en voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as dié wat die entiteit na verwagting redelikerwys sou aanvaar het as 'n transaksie met daardie individuele entiteit of persoon in dieselfde omstandighede aangegaan sou word nie; en***
 - (b) bepalinge en voorwaardes binne die normale bedryfsparameters wat deur daardie verslagdoenende entiteit se wetlike mandaat vasgestel is.***
- .33 Entiteite kan daagliks op 'n omvangryke skaal met mekaar sake doen. Hierdie

transaksies kan teen kosprys, minder as kosprys of kosteloos plaasvind. Sommige entiteite is tot stand gebring om dienste aan ander entiteite te lewer. 'n Openbare entiteit kan byvoorbeeld vlootdienste lewer aan departemente of ander openbare entiteite of kan as agent optree om inkomste vir ander entiteite in te vorder. Oor die algemeen sou al die transaksies deur sulke entiteite verwanteparty-transaksies uitmaak. Die uitsluiting van hierdie verwanteparty-transaksies uit die openbaarmakingsvereistes in paragraaf .32 erken dat openbaresektorentiteite saamwerk om gemeenskaplike doelwitte te bereik, en erken dat verskillende meganismes aanvaar kan word vir die lewering van dienste deur openbaresektorentiteite.

- .34** *Indien 'n verslagdoenende entiteit vrygestel is van die openbaarmakings ooreenkomstig paragraaf .32, moet die entiteit verduidelikende inligting openbaar oor die aard van die transaksies en die verbandhoudende uitstaande saldo's waarna in paragraaf .27 verwys word om gebruikers van die verslagdoenende entiteit se finansiële state in staat te stel om die uitwerking van verwanteparty-transaksies op sy finansiële state te verstaan.*

Openbaarmaking van vergoeding van bestuur

- .35** *'n Entiteit moet die vergoeding van die bestuur per persoon en in totaal vir elke klas van bestuur in die volgende kategorieë openbaar maak:*
- (a) gelde vir dienste as lid van die bestuur;*
 - (b) basiese salaris;*
 - (c) bonusse en prestasieverwante betalings;*
 - (d) ander korttermyn-werknemervoordele;*
 - (e) na-aftredevoordele soos pensioene, ander aftreevoordele, na-aftredelebensversekering en mediese sorg ná uitdienstreding;*
 - (f) diensbeëindigingsvoordele;*
 - (g) ander langtermynvoordele;*
 - (h) enige kommissie, wins of surplusdelingsreëlins; en*
 - (i) enige ander voordele wat ontvang is.*
- .36** *Entiteite moet afsonderlike openbaarmakings doen oor die belangrikste klasse van bestuur wat hulle het. Waar 'n entiteit byvoorbeeld 'n beheerliggaam het wat van sy senior bestuursgroep afsonderlik is, moet openbaarmakings oor vergoeding van die twee groepe afsonderlik gemaak word.*
- .37** *Waar 'n persoon 'n lid is van sowel die beheerliggaam as die senior bestuursgroep, moet daardie persoon vir doeleindes van hierdie Standaard slegs by een van daardie groepe ingesluit word. Die bestuurskategorieë wat in paragraaf .12*



AERP 20

geïdentifiseer is, bied 'n riglyn vir die identifisering van bestuursklasse.

Oorgangsbepalings

- .38** *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Datum van inwerkingtrede

- .39** *Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk tree in werking op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word.*

Bylae – Voorbeelde van toepassing van die Standaard

Die bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel uit van die Standaard nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig en om te help met die opheldering van die betekenis daarvan.

Voorbeeld 1 – Identifisering van verwante partye en openbaarmakings deur verwante partye

Agtergrond

Nasionale openbare entiteit A (entiteit A) is besig met die opstel van sy finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2010. Hy moet sy verwante partye identifiseer en die nodige openbaarmakings in die finansiële state doen.

Entiteitstruktuur

Entiteit A is kragtens nasionale wetgewing tot stand gebring om opleiding aan gesondheids- en veiligheidsbeamptes dwarsoor die openbare sektor te verskaf. Hy is funksioneel aan die Nasionale Departement van Arbeid verantwoordelik, dit wil sê die Minister van Arbeid is die uitvoerende gesag van die entiteit.

Aangesien entiteit A opleidingsmateriaal vir doeleindes van gereelde ontwikkeling nodig het, het hy 'n gesamentlike onderneming aangegaan met provinsiale openbare entiteit B (entiteit B), wat ook opleiding in die openbare sektor verskaf. Entiteit B is funksioneel aan die betrokke provinsiale tesourie verantwoordelik. Entiteit A en entiteit B is die enigste twee ondernemers in 'n ander entiteit, entiteit C, wat gesamentlik deur hulle beheer word.

Bestuurstruktuur

Entiteit A word deur 'n raad beheer. Die raadslede word deur die Minister van Arbeid aangestel. Die raadslede sluit mnr. X (wat 'n onafhanklike lid is wat in die privaat sektor werksaam is), mev. Y (wat by die Departement van Arbeid in diens is en lid is van die Departement se Uitvoerende Komitee) en mnr. Z (wat 'n verteenwoordiger van die Departement van Gesondheid is) in. Slegs mnr. X word besoldig. Aangesien mev. Y en mnr. Z in die openbare sektor in diens is, word hulle nie vergoed omdat hulle in die raad van entiteit A dien nie.

Entiteit A deel 'n ouditkomitee met die ander openbare entiteite wat deur die Departement van Arbeid tot stand gebring is. Entiteit A maak nie enige geldelike bydrae tot die uitgawes van die ouditkomitee nie.

Die hoof- uitvoerende beampte (mev. U), hoof- finansiële beampte (mnr. V) en hoofbedryfsbeampte (mev. W) is verantwoordelik vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die entiteit se bedrywighede.

Transaksies

Entiteit A lewer opleidingsdienste aan gesondheids- en veiligheidsbeamptes wat in 'n verskeidenheid van entiteite in die nasionale, provinsiale en plaaslike regering werksaam is. Hierdie dienste word op 'n kosteverhalingsgrondslag gelewer. Bepaalde administratiewe koste van entiteit A word befonds deur 'n oorbetaling vanaf die Departement van Arbeid.



AERP 20

Behoudens die transaksies wat in die vorige paragraaf gelys is, onderneem entiteit A die volgende transaksies met ander entiteite in die openbare sektor:

- Basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie word deur die plaaslike munisipaliteit verskaf.
- Lugvervoer word deur die nasionale lugdiens verskaf, wat deur die nasionale regering beheer word.
- IT-dienste word gelewer deur die staat-IT-agentskap, wat ook deur die nasionale regering beheer word.
- LBS, SIBW en ander betaalstaatbelastinge word deur entiteit A ingevorder en maandeliks aan die inkomstegesag geremitteer.

As 'n voordeel aan werknemers reik entiteit A waarborg aan finansiële instellings uit vir huislenings.

Mnr. V beheer InvestProp Holdings en CleanCo. CleanCo verskaf skoonmaakdienste aan entiteit A.

Ontleding – Identifisering van verwante partye en openbaarmakings deur verwante partye

Deel I – Verwante entiteite

Verwante entiteit: Bestaan van beheer

Aangesien die Minister van Arbeid die uitvoerende gesag van entiteit A is, is hierdie entiteit verwant aan alle ander entiteite (en hul beheerde/gesamentlik beheerde entiteite) waarvoor die Minister van Arbeid die uitvoerende gesag is, en breedweg vir alle ander entiteite wat deur die nasionale uitvoerende gesag beheer word.

Entiteit A en die Departement van Arbeid is dus verwante partye.

Entiteit A is dus verwant aan alle entiteite binne die ekonomiese entiteit (groep).

Verwante entiteit: Bestaan van gesamentlike beheer

Entiteit A, tesame met entiteit B, oefen gesamentlike beheer uit oor entiteit C. Entiteit C is dus 'n verwante party van entiteit A.

Entiteit A en B is om die volgende redes nie noodwendig verwante partye nie:

- Entiteit B is 'n provinsiale openbare entiteit, wat beteken dat hy nie onder gemeenskaplike beheer en nie binne dieselfde ekonomiese entiteit is nie.
- Entiteit B en entiteit A word nie geag verwante partye te wees bloot omdat hulle gesamentlike beheer oor 'n gesamentlike onderneming deel nie.

Entiteit A sou egter bepaal of daar enige ander omstandighede bestaan wat daarop sou kon dui dat daar 'n verwanteparty-verhouding bestaan.

Verwante entiteit: Entiteit beheer deur 'n verwante persoon

Entiteit A behoort te toets of enige ander entiteite deur verwante persone aan hom verwant is.

Mnr. V, die HFB, is verantwoordelik vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van entiteit A en is dus deel van sy bestuurspersoneel. Hy beheer ook

AERP 20

CleanCo sowel as InvestProp. Aangesien mnr. V deel is van die bestuur van entiteit A en CleanCo en InvestProp beheer, is sowel CleanCo as InvestProp verwant aan entiteit A.

Voorgeskrewe openbaarmakings

Entiteit A moet die bestaan van enige beheerverhoudings in sy finansiële state openbaar maak, ongeag of daar enige transaksies met daardie entiteite is. Hierdie openbaarmakings moet ontwikkel word ooreenkomstig die vereistes in die Standaarde van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Geassosieerdes en Belange in Gesamentlike Ondernemings*.

Voldoende openbaarmakings moet in die finansiële state gemaak word oor die onderskeie verwantskappe om die gebruiker in staat te stel om die aard van die verwantskappe en hul uitwerking op die finansiële state te verstaan.

Deel II – Verwante persone

Die Minister van Arbeid as die uitvoerende gesag van entiteit A is 'n verwante persoon van entiteit A.

Die bestuur van entiteit A is diegene wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteite. As gevolg daarvan is die raadslede, die HUB, HFB en Hoofbedryfsbeampte (HBB) verwant aan entiteit A.

Die lede van die ouditkomitee kan ook verwant wees in gevalle waar hulle verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer van die bedrywighede van entiteit A.

Voorgeskrewe openbaarmakings

Entiteit A moet transaksies met enige verwante persone openbaar maak. Enige vergoeding aan die bestuur moet afsonderlik van ander transaksies openbaar gemaak word.

Deel III – Verwanteparty-transaksies

Die verskillende transaksies wat deur entiteit A onderneem word, word in die tabel hier onder ontleed en redes word verstrek oor waarom hulle verwanteparty-transaksies is al dan nie.

Transaksie	Verwanteparty-transaksie	Nie 'n verwanteparty-transaksie nie
Transaksies met entiteite		
Oordragbetaling van Departement van Arbeid	Die Departement van Arbeid en entiteit A is verwant aangesien hulle onder gemeenskaplike beheer is.	
Verskaffing van dienste aan ander openbaresektor-entiteite	Entiteite in die nasionale regeringsfeer en entiteit A is verwant aangesien hulle onder gemeenskaplike beheer staan. Geen openbaarmaking word vereis as die transaksie aan die vrystelling in paragraaf .32 voldoen nie.	Entiteite in elke provinsie of op elke plaaslikebestuursvlak is nie onder gemeenskaplike beheer nie (d.w.s. hulle is nie deel van dieselfde ekonomiese entiteit nie). Tensy daar ander bewyse tot die teendeel is, is die transaksies met entiteit A nie verwanteparty-

Transaksie	Verwanteparty-transaksie	Nie 'n verwanteparty-transaksie nie
		transaksies nie.
Transaksies met entiteit B		Entiteit B is 'n provinsiale openbare entiteit. Entiteit A en entiteit B is derhalwe nie onder gemeenskaplike beheer nie. Entiteit A en entiteit B beheer entiteit C gesamentlik. Entiteit A en B is nie outomaties verwante partye nie, omdat hulle ondernemers in dieselfde gesamentlike onderneming is. Tensy daar ander bewyse tot die teendeel is, is die transaksies met entiteit A nie verwanteparty-transaksies nie.
Transaksies met entiteit C	Aangesien entiteit A entiteit C geseamentlik met andere beheer, is enige transaksies tussen entiteit A en entiteit C verwanteparty-transaksies. Geen openbaarmaking word vereis as die transaksie aan die vrystelling in paragraaf .32 voldoen nie.	
Water, sanitasie en elektrisiteit		Die munisipaliteit en entiteit A is nie onder gemeenskaplike beheer nie. Tensy daar ander bewyse tot die teendeel is, is die transaksies met entiteit A nie verwanteparty-transaksies nie.
Lugreise	Die nasionale lugdiens en entiteit A is verwant, aangesien hulle onder gemeenskaplike beheer staan. Geen openbaarmaking word vereis as die transaksie aan die vrystelling in paragraaf .32 voldoen nie.	
IT-dienste	Die staat se IT-agentskap en entiteit A is verwant, aangesien hulle onder gemeenskaplike beheer staan. Geen openbaarmaking word vereis as die transaksie aan die vrystelling in paragraaf .32 voldoen nie.	
LBS, SIBW en ander betaalstaatbelastings		Entiteit A tree namens sy werknemers en die

Transaksie	Verwanteparty-transaksie	Nie 'n verwanteparty-transaksie nie
		inkomsteowerheid as agent op. Die betaling van belasting is 'n transaksie tussen belastingbetalers en die inkomsteowerheid, en nie entiteit A en die inkomsteowerheid nie.
Transaksies met persone		
Vergoeding (bestuur)	Vergoeding wat entiteit A aan mnr. X en aan die HUB, HFB en HBB onderskeidelik betaal, is 'n verwanteparty-transaksie. Gratis dienste wat mev. Y en mnr. Z op grond van die verhouding tussen hul werkgewers en entiteit A gelewer het, is 'n verwanteparty-transaksie.	
Vergoeding en koste van auditkomitee	Gratis dienste wat deur die auditkomitee gelewer is op grond van die verhouding tussen die Departement van Arbeid en entiteit A, is 'n verwanteparty-transaksie.	
Finansiële waarborge uitgereik (HUB, HFB en HBB)	Die uitreiking van finansiële waarborge aan die HUB, HFB en HBB maak deel uit van die vergoeding van die bestuur en is 'n verwanteparty-transaksie.	
Verkryging van skoonmaakdienste – CleanCo	Mnr. V beheer CleanCo. As gevolg daarvan is enige transaksies met CleanCo verwanteparty-transaksies.	

Voorgeskrewe openbaarmakings:

Entiteit A moet die aard van sy verwanteparty-betrekkinge asook enige transaksies (met entiteite en persone), uitstaande saldo's of verbintenisse wat begrip van die potensiële uitwerking van die verwantskap op die finansiële state sal bevorder, openbaar maak.

Van entiteit A word vereis om die waarde van transaksies met ander openbaresektor-entiteite openbaar te maak waar die transaksies gesluit is binne normale bedryfsprosedures en op voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as die voorwaardes wat gevolg sou word om transaksies met 'n ander entiteit of persoon aan te gaan nie.

Van entiteit A word vereis om enige vergoeding aan die bestuurspersoneel afsonderlik openbaar te maak, dit wil sê enige vergoeding wat aan die raadslede of werknemers betaal



AERP 20

word. Indien geen vergoeding deur entiteit A betaal word nie (of as die vergoeding namens hom betaal word), moet dit openbaar gemaak word.

Voorbeeld 2 – Illustreerende openbaarmakings

Gegrand op die ontleding uiteengesit in voorbeeld 1 kan die volgende illustreerende openbaarmakings in die finansiële state van A¹ gedoen word.

Uittreksel uit die aantekeninge by die finansiële state

Entiteit A – 31 Maart 2010

Aantekening X. Verwante partye

Entiteit A is kragtens nasionale wetgewing deur die Departement van Arbeid tot stand gebring. Die Minister van Arbeid is die uitvoerende gesag van entiteit A. Entiteit A word uiteindelik deur die nasionale uitvoerende gesag beheer.

Entiteit A word deur die nasionale uitvoerende gesag beheer en is derhalwe verwant aan alle ander entiteite binne die nasionale regering.

Entiteit A het van die Nasionale Inkomstefonds deur die Departement van Arbeid 'n oordragbetaling van R XXX vir sy administratiewe bedrywighede ontvang. Daar was geen bedrae aan of deur entiteit A aan die Departement van Arbeid verskuldig nie.

Entiteit A verskaf opleiding aan gesondheids- en veiligheidsbeamptes in die openbare sektor op 'n kosteverhalingsgrondslag. Die inkomste uit hierdie transaksies is by die Staat van Finansiële Prestasie ingesluit. Op 31 Maart 2010 was die volgende bedrae deur ander nasionale openbaresektor-entiteite aan entiteit A verskuldig (bedrae verskuldig ingesluit by korttermyndebiteure):

31 Maart 2010 R'000	Aard van uitstaande saldo	Uitstaande saldo	Voorsiening vir twyfelagtige skuld	Netto saldo
Departement A	Opleidingsdienste	X	X	X
Departement E	Opleidingsdienste	X	X	X

Entiteit A deel sy ouditkomitee met die Departement van Arbeid. Entiteit A betaal nie vir hierdie dienste nie. Die geraamde besparing op entiteit A se administratiewe begroting het op RXXX te staan gekom.

Entiteit A het entiteit C as 'n gesamentlike onderneming met provinsiale openbare entiteit B tot stand gebring. Entiteit C ontwikkel opleidingsmateriaal vir entiteit A en B. Albei entiteite

¹ Aantekening: Hierdie openbaarmakings is slegs verduidelikend en is nie volledig nie. Die vereistes in hierdie Standaard asook ander Standaarde van AERP, bv. die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Geassosieerdes en Belange in Gesamentlike Ondernemings*, moet ook geraadpleeg word by die formulering van toepaslike openbaarmakings.



AERP 20

betaal entiteit C vir die opleidingsmateriaal wat ontwikkel word en het ooreengekom om die administratiewe koste van entiteit B gesamentlik te befonds. Werklike uitgawes vir die lopende finansiële tydperk word as die ontwikkeling van opleidingsmateriaal openbaar gemaak en word in aantekening x ingesluit. Die bedrag wat aan entiteit C betaal is om administratiewe koste te befonds, het op RXXX te staan gekom.

CleanCo, wat onder die beheer van mnr. V (die HFB) staan, verskaf skoonmaakdienste aan entiteit A. Die kontrak is hersien en sal, indien dit toepaslik is, jaarliks ooreenkomstig die verskaffingskettingbestuursregulasies henu word. Die HFB het sy belang in hierdie kontrak verklaar en het hom aan enige besprekings of besluitneming met betrekking tot hierdie kontrak onttrek.

Entiteit A het gedurende die jaar van verskeie nasionale openbaresektorentiteite gebruik gemaak as diensverskaffers vir reis- en IT-dienste. Die transaksies is volgens normale bedryfsvoorwaardes gesluit. Hierdie bedrae is in die staat van finansiële stand by krediteure/debiteure ingesluit.

Entiteit A word deur 'n raad beheer wat bestaan uit drie lede wat deur die Minister van Arbeid aangestel is. Hierdie raadslede, tesame met die HUB, HFB en HBB, is verantwoordelik vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede van die entiteit. Gedurende die jaar is die volgende vergoeding aan hierdie bestuurslede betaal:

	Raadsgelde	Basiese salaris	Ander langtermynvoordele	Totaal
<i>Raadslid</i>				
Mnr. X	XXX	—	—	XXX
<i>Werknemers</i>				
Mev. U	—	XXX	XXX	XXX
Mnr. V	—	XXX	XXX	XXX
Mev. W	—	XXX	XXX	XXX
Totaal	XXX	XXX	XXX	XXX

Slegs een lid word deur entiteit A besoldig. Die ander raadslede word nie besoldig nie, aangesien hulle in diens van onderskeidelik die nasionale Departement van Arbeid en van Gesondheid staan. Ingesluit by ander voordele is die koste van die uitreiking van finansiële waarborge aan verskillende finansiële instellings vir huislenings. Vir die jaar was die koste RXXX vir mev. U en RXXX vir mev. W.

Grondslag vir Gevolgtrekkings

- BC1. Die Grondslag vir Gevolgtrekkings som die RRS se oorwegings op vir die aanbring van veranderings van die International Public Sector Accounting Standard oor *Related Party Disclosures* (IPSAS 20). Die RRS het ook aspekte van die International Accounting Standard oor *Related Party Disclosures* (IAS 24) wat in November 2009 uitgereik is, in aanmerking gebring.
- BC2. Die RRS het dit duidelik gemaak dat daar 'n onderskeid is tussen politieke beïnvloeding en opsig. Politieke beïnvloeding word uitgeoefen by die opstel van wette en regulasies, maar opsig het betrekking op die implementering van daardie wette en regulasies. Slegs Indien opsig die gesag en verantwoordelikheid vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die bedrywighede insluit, word die persoon wat daardie opsig uitoefen, 'n lid van die bestuur.
- BC3. Die struktuur van AERP 20 verskil van IPSAS 20 in ooreenstemming met die struktuur wat deur die RSS aanvaar is.
- BC4. Die omskrywings van verwante party, nabyfamiliëlede, verwanteparty-transaksie en vergoeding van sleutelbestuur is bygewerk ooreenkomstig IAS 24 en die Maatskappywet (2008) in Suid-Afrika.
- BC5. Veranderinge is aangebring om op die Suid-Afrikaanse openbare sektor van toepassing te kan wees. Daar is byvoorbeeld verwysings bygevoeg na beduidende invloed, terwyl verwysings na begrippe soos stembevoegdheid, wat nie deel uitmaak van die korporatiewe bestuur in die Suid-Afrikaanse openbare sektor nie, geskrap is.
- BC6. Die vrystelling van verwante transaksies en die verwante uitstaande saldo's van transaksies wat binne normale verskaffer- en/of kliënt-/ontvangerverhoudings voorkom volgens bepalings en voorwaardes wat nie meer of minder gunstig is as dié wat die entiteit na verwagting redelikerwys sou aanvaar het indien die transaksie met daardie individuele entiteit of persoon in dieselfde omstandighede gesluit sou gewees het nie, is deur die RRS uitgebrei om ook transaksies, en enige gevolglike saldo's, wat onderneem word volgens bepalings en voorwaardes binne die normale bedryfsparameters wat deur daardie verslagdoenende entiteit se wetlike mandaat vasgetel word, in te sluit. Hierdie vrystelling is uitgebrei om sodanige transaksies en saldo's in te sluit aangesien inligting oor daardie reëlins in inligting oor die entiteit se wetlike mandaat openbaar gemaak sou word.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor Related Party Disclosures (IPSAS 20) (Oktober 2002)

Die Konsep vir Kommentaar oor *Openbaarmakings oor Verwante Partye* berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Related Party Disclosures* (IPSAS 20). Die vernaamste verskille tussen AERP 20 en IPSAS 20 is soos volg:

- Die struktuur van die Standaard verskil wesenlik van dié van IPSAS 20. Hierdie Standaard omvat aspekte van die International Accounting Standard oor *Related Party Disclosures* (IAS 24) wat in November 2009 uitgegee is. Dit sluit die volgende in:
 - wysigings aan die Doel en die Omvang;
 - vervanging van die “Verwanteparty-aangeleentheid” deur ’n afdeling waarin die Doel met Openbaarmakings deur Verwante Partye behandel word;
 - wysigings aan die omskrywing van ’n verwante party, nabyfamiliëlede, verwanteparty-transaksie, en vergoeding van sleutelbestuur;
 - wysigings om “gesamentlike beheer” in te sluit;
 - skapping van die omskrywing van “opsig” soos dit in die omskrywing en verduidelikende paragrafe oor bestuur vervat is;
 - skapping van die afdeling oor stembevoegdheid soos dit deur “beduidende invloed” gedek is;
 - toevoegings tot omskrywings van beheer en gesamentlike beheer;
 - wysigings aan openbaarmakingsvereistes, met inbegrip van openbaarmakings oor die verskillende kategorieë verwante partye;
 - skapping van verduidelikende paragrafe wat nie in IAS 24 ingesluit was nie, waar spesifieke openbaresektorkwessies nie verduidelik is nie;
 - skapping van openbaarmakingsvereistes met betrekking tot die vergoeding van sleutelbestuurspersoneellede en hul nabyfamiliëlede wat nie in IAS 24 is nie;
 - skapping van verduidelikende paragrafe oor wesenlikheid, aangesien dit reeds ingesluit is in die Standaarde van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State*.



AERP 20

- “Sleutelbestuurspersoneel” is verander na “bestuur”, aangesien daardie omskrywing in ooreenstemming is met die manier waarop bestuur in ander Standaarde van AERP omskryf word. Gedeeltes van die IPSASB-omskrywing is in die verduidelikende paragrawe ingesluit. Die verduidelikende paragrawe is voorts gewysig om lede van die subkomitees van die beheerliggaam in te sluit waar hulle medeverantwoordelik is vir die bestuur en beheer van die entiteit, aangesien dit vergelykbaar sou wees met sleuteladviseurs.
- Voorbeelde is aangepas vir Suid-Afrikaanse omstandighede.
- Die openbaarmakingsvereistes wat op sleutelbestuur betrekking het, is gewysig om met wetsvoorskrifte in Suid-Afrika rekening te hou.
- Die vrystelling van die openbaarmakingsvereistes in IPSAS 20 oor normale bepalinge en voorwaardes is gewysig om te verduidelik watter tipes transaksies van openbaarmaking vrygestel sou wees.
- Hierdie Standaard sluit 'n gedeelte oor oorgangsbepalinge in wat nie in IPSAS 20 ingesluit was nie.